# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 170 27 September 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Wie mislei wie?**

Die pasafgelope NHKA se AKV het net weer bevestig dat die leuen - sodra verskans - die bo-toon sal bly voer. Nie alles wat gesê en gedoen word, is vol leuens nie. Daar is genoeg waarheidsmomente om oor dankbaar te wees. Binne die ruimte van die verskil van mening tussen die GHG en die NHKA, is die saak meer kompleks. Uit koerantberigte kan mens baie leer oor wat ander mense as belangrik ag. Die GHG se dagbestuur het reeds teen laat 2018 gemeentes in kennis gestel dat daar 'n eerste hofdatum vasgemaak is vir 17 Februarie 2020. Hierdie inligting is nou eers aan die NHKA ampsdraer en gemeentes by wyse van die Agenda bekendgemaak. Onder die dekmantel van *sub judice* word ampsdraers en lidmate oor baie belangrike aspekte in die duister gehou. Daarmee saam word die GHG en veral die GHG predikante steeds verdag gemaak en steeds beswadder.

In die voortgesette gees van deursigtigheid moet daar reageer word op bewerings wat volgens koerantberigte gemaak is.

Die verwysing na die hofdatum is korrek, maar daar word nie verduidelik dat dit slegs een tot vyf dae (vir gewone sake) is wat hier ter sprake is nie. Hierdie saak is kompleks en regslui is van mening dat 'n minimum van 15 hofdae nodig is om die saak onder bespreking te kan beredeneer. Daarmee saam is die NHKA reeds skriftelik in kennis gestel dat daardie datum weens die aard van die saak en hul onvoltooide blootlegging nie sal kan voortgaan nie. Waarom word hierdie kennisgewing nie geopenbaar nie? 'n Mens wonder waarom daar nie aan afgevaardigdes gestel word dat dit nie moontlik sal wees om die saak so vinnig af te handel nie. Enige persoon wat dink dat die 900 bladsye dokument (soos per berig getel deur ds. Geel) op een dag hanteer kan word, is naïef. Die hof se kalender is baie vol en dit impliseer net weer uitstel tot wie weet wanneer.

Die hofbevel rakende die hofgeding is reeds sedert 11 Junie 2018 'n openbare dokument. Na betoog deur beide partye het regter D.S. Fourie besluit dat die <u>eerste</u> hofsaak sal handel oor die volgende: (Direkte aanhaling uit hofbevel)

1. *Met inagneming van die bepalings van die Eerste Verweerder se Kerkorde en Grondwet en die geskiedkundige ontwikkeling van die Kerkorde wat die eisers in paragrawe 5.3 tot 66 van die besonderhede van vordering pleit, en wat die eerste verweerder in paragraaf*

*30 van hulle pleit erken in soverre dit met die betrokke verordeninge en besluite ooreenstem, word die volgende geskilpunt afsonderlik, ingevolge Reël 33(4) beslis:*

*'Kan lidmate of 'n gemeente van die NHKA wat probleme het binne of met die NHKA en/of wil wegbreek en/of weggebreek het uit die NHKA by meerderheidsbesluit die bates van 'n gemeente van die NHKA aan vrywillige verenigings of gemeentes wat buite die NHKA funksioneer vervreem'.*

2. *Enige bewering met betrekking tot bedrog of bedrieglik gesimuleerde vervreemdingshandelinge is uitgesluit by bogenoemde geskilpunt.*
3. *Die koste van hierdie proses van skeiding van geskilpunte word voorbehou.*

Die bewering in *Beeld* van 23 September 2019 dat die hof moet besluit oor '*kon gemeentes kerkordelik die eiendom oordra na 'n vereniging*?' is nie korrek nie. Die brandpunt gaan oor die wettigheid van sodanige optrede. Enige kerkordelike handeling word per definisie deur die kerk intern hanteer. Die saak voor die howe handel oor die wettigheid van eiendom skenk aan 'n vereniging. Die volgorde wat hier voorgestel word is ook nie korrek nie en is misleidend; gemeentes het met meerderheidstem eiendom geskenk en toe na vervolging besluit om bande te breek. Die sake ter tafel was baie meer kompleks as dit wat nou voorgehou word.

Die artikel berig ook dat ds. Geel beweer het dat hulle nie "anders kan" as om met die saak voort te gaan nie. Dit is weer eens misleidend om die saak so aan te bied; aangesien die dagvaardiging van 900 bladsye nie skielik net op hulle tafel beland het nie. Die hele aanbieding aan die AKV blyk deurgaans misleidend te wees.

Histories het die stryd begin met drie gemeentes wat die hof gevra het om te beslis of hulle optrede (om eiendom aan 'n vereniging te skenk) wettig was. Dit nadat dr Dreyer as destydse voorsitter in 'n skrywe gestel het dat dit beter sal wees as daar 'n skeiding van die weë sal wees. Drie gemeentes het hom onmiddellik op sy woord geneem en hulself onafhanklik verklaar. Hy het nog so ewe na die 19e eeu voorbeeld van die Dopper kerk se begin verwys. Die drie gemeentes het toe reeds lank voor dit eiendom beveilig met die oog op moontlike eiendomseise teen die NHKA. Ander gemeentes het by die drie aangesluit en telkens het die NHKA met hofaansoeke gekom. Na vele dagvaardiging is daar besluit om 'n besturende regter aan te stel en al die sake te konsolideer.

Na vele gesprekke en prosesse is daar toe ooreengekom om die geskilpunte te skei en eers hierdie saak (soos bo aangehaal) in die hof te argumenteer. Enige hofsaak moet 'n eiser en 'n verweerder hê. Die twee partye het in die regter se kantoor ooreengekom dat die GHG as eiser sal optree (vir 'n hofsaak om plaas te vind, moet daar 'n eiser wees), en van daar die gegewene dat die NHKA die "verweerder" is. Soos per ooreenkoms - om die saak te laat vorder. Net omdat selfs die Kommissie van die AKV deur hul eie litigasiekomitee in die duister gehou word oor vordering en optredes in die hofgeding, is dit nie rede om dan die slagoffer te speel en te stel dat die kommissie nie anders kan nie. Die rekord sal wys hoeveel male die GHG al gevra het dat daar vrede en skikking moet kom.

Hierdie is net die eerste geskilpunt. Daar is nog ander wat eers hanteer kan word sodra

die volle hofproses rakende die eerste geskilpunt afgehandel is. Op hierdie stadium is dit juis die blootlegging wat baie tyd (en geld) in beslag neem. Na die eerste rondte was die versoek dat sekere ontbrekende dokumente deur die NHKA beskikbaar gestel sal word ten opsigte van volle blootlegging. Daar is uiteindelik honderde bladsye aangestuur. Daardie bladsye moet nou deeglik deurtas word om te verseker dat alle verlangde dokumente hierdie keer voorsien is. Moet net nie asem ophou nie, daar kan dalk steeds uitstaande dokumente wees. Die regter het bepaal dat daar eers na behoorlike blootlegging 'n toepaslike hofdatum toegeken sal word. Die NHKA het gevraagde inligting weerhou. Die vraag is nou na watter party dit is wat telkens die proses uitrek.
Die GHG is gereed om hierdie lang pad te loop. Die fondse is reeds beskikbaar om tot 2027 aan te hou veg. Dit is ons bede dat dit nie nodig sal wees nie. Teen hierdie agtergrond is die GHG se versoek tog billik: Eerbiedig die besluite wat met groot meerderhede geneem is rakende die skenk van eiendom. Kom ons gee mekaar die hand (en niks anders nie) en gaan ons onderskeie weë.

**BONDSDAMES BYEENKOMS**

Die dames se byeenkoms is ewe-eens baie goed bygewoon en die terugvoer was uiters positief. Die jaarlikse kwiltprojek het meer as R14300 ten behoewe van teologiese opleiding gerealiseer. Die kwilt is gewen deur Dawn Joubert van Koster. Die 2019-2020 kwilt is bekend gestel (sien foto hier onder) en gemeentes word aangemoedig om hierdie verdienstelike projek getrou te ondersteun.

**KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD**

Die vergadering het die redaksie se voorstel rakende die frekwensie van hierdie twee publikasies aan te pas, aanvaar. Koersvas en Die Skietlood sal daarom met ingang van Jaargang 8 maandeliks verskyn. Hierdie is die laaste uitgawe van Jaargang 7.

**BEDIENING IN BLOEMFONTEIN**

Met die bedanking van ds. Thinus Swart en die emeritaatsaanvaarding van ds. Lewis Strauss, probeer die Kuratorium, Gemeente Bloemfontein bystaan met die bediening aldaar.
Hiermee rig die Kuratorium ’n vriendelike versoek tot u om hulp.
Dit sal hoog op prys gestel word indien u u weg sou oopvind om u predikant net een naweek per jaar die geleentheid te gun om met die prediking en moontlike pastoraat Bloemfontein by te staan.
Die Kuratorium het ’n donateur wat ons help met die aanvanklike reiskoste totdat Gemeente Bloemfontein self die koste kan dra. Enige klein bydrae van u kant sal egter baie waardeer word.
By voorbaat baie dankie vir u simpatieke oor.
Die Kuratorium hoor graag van u in die verband.
Vriendelike groete,
SEKRETARIS oudl. Pieter Geyser

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/ (sien skermfoto hier onder.)
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert

by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron

**Skermskoot van Geloofsbond webwerf te**

**www.geloofsbond.org.za**

9/12/2019 Geloofsbond

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (/./)

(https://www.facebook.com/geloofsbond)
(https://twitter.com/geloofsbond)
(https://www.youtube.com/geloofsbond)




### SELFVERSTAAN

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) se selfverstaan is nie 'n afgehandelde saak nie, want die Bond is steeds besig om sy plek te vind op die grondslag van die Bybels Reformatoriese teologie van die ou NHKA.

Lees meer (/so-glo-ons/selfverstaan)

### SO GLO ONS

Ons onwrikbare geloof in God Drie-enig, ons vashou aan die Bybel as ons enigste kanon, ons aanvaarding van die Belydenisskrifte, die Proponentsformule, dring ons daartoe om te staan by ons geloofsoortuigings. Ons smeekbede is: Help ons, God.

Lees meer (/so-glo-ons/geloofsstandpunt)

### GESKIEDENIS VAN DIE GELOOFSBOND

Ons sien onsself as Hervormers en as die ware voortsetting van die Voortrekkerkerk.
Lees meer oor die geskiedenis en ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

Lees meer (/so-glo-ons/geskiedenis)